TOERISME

Liewe Graad 12-Toerismeleerder

Toerisme as skoolvak het reeds vele deure geopen vir baie van ons oud-studente wat tans lonende loopbane in Suid Afrika se groeiende toerisme industrie volg.

Indien jy konstant hard werk en altyd jou beste lewer, kan dieselfde geleenthede jou ook gebied word en kan jy ook deel wees van 'n industrie wat opwindende loopbaankeuses bied.

Vakvereistes

- 'n handboek en skryfboek
- 'n nie-programeerbare sakrekenaar
- 'n politieke wêreldkaart en 'n tydsone kaart
- toegang tot die Witskrif oor die Bevordering en Ontwikkelling van Toerisme in Suid-Afrika (1996) en die nuutste weergawe van die Toerisme Groei Strategie,
- toegang tot 'n verskeidenheid toerisme tydskrifte, brosjures, toeriste kaarte en advertensie boekies soos hotelbrosjures, boekies en kaarte van Suid-Afrika se Nasionale Parke (SANParke)
- 'n graad 12 Toerisme werkskedule (ATP)

Inhoudskontrolelys:

Toerisme is die studie van die aktiwiteite, dienste en industrië wat 'n reiservaring aan groepe of indiwidue bied. Daar's nege toerisme onderwerpe in graad 12

1. Toerisme sektore
2. Kaartwerk en toerbeplanning
3. Toerisme besienswaardighede
4. Volhoubare en verantwoordelike toerisme
5. Plaaslike-, streeks- en internasionale toerisme
6. Kultuur- en erfenistoerisme
7. Buitelandse valuta verhandeling
8. Kommunikasie en kliëntediens
9. Bemarking

Assessering

Daar sal van jou verwag word om die volgende te voltooi:

- **SGA** (5 x assesseringstake)

- **Kwartaal 1–totale kwartaalpunt** **100 punte**
  - SGA TAAK 1: Maart-gekontroleerde toets

  Kwartaal 2- totale kwartaalpunt **100 punte**
  - SGA TAAK 2: Toerismevaardigheids Asseseringstaak
  - SGA TAAK 3: Junie eksamen

  Kwartaal 3- totale kwartaalpunt **100 punte**
  - SGA TAAK4: Datahanterings asseseringstaak +
  - SGA TAAK5: September voorbereidende eksamen

  FINALE SGA PUNT BEREKEN SOOS VOLG:
  Kwartaal 1 +Kwartaal 2 + Kwartaal 3 = 300÷3 **100 punte**

PAT (Praktiese Assesseringstaak)
Dit is 'n praktiese assesseringstaak wat in kwartaal 2 of 3 voltooi word en 100 punte tel.

Afdeling	Inhoud	Punte
Afdeling A	Kortvrae (alle onderwerpe)	40
Afdeling B	Kaartwerk en toerbeplanning; buitelandse valutaverhandeling	50
Afdeling C	Toerisme besienswaardighede; kultuur- en erfenistoerisme	50
Afdeling D	Toerismesektore; volhoubare en verantwoordelike toerisme	30
Afdeling E	Plaaslike-, streeks- en internasionale toerisme; kommunikasie en kliëntediens	30
	Totaal	**200**

Wenke vir Sukses

- Die onderrigtyd vir Toerisme is 4 uur per week. Spandeer ten minste nog drie uur per week vir studeer, lees en die maak van opsommende aantekeninge in jou skryfboek.
- Om aan die einde van die jaar sukses te behaal, is dit baie belangrik dat jy gereeld deur die loop van die jaar studeer, altyd jou beste lewer en alle asseseringstake voltooi en betyds inhandig.
- Lees ook gereeld koerante en soek vir nuus oor Toerisme- en omgewingssake.
- Sorg dat jy vroegtydig jou onderwyser om hulp vra indien jy met enige toerisme-konsepte sukkel.
- Oefen maar gereeld aan jou Tydsone en Forex berekeninge. Doen ten minste een berekening per week.

SKANDEER MY!
Toerisme Oorsig

"Die wêreld is 'n boek, en diegene wat nie reis nie, lees net een bladsy."–Sint Augustinus